

Bedek jou skinkbord met margrietjies

Dié mooi skinkbordlap, met die uitsonderlike diamantvorm, is saamgestel uit motiewe wat afsonderlik gehekel word. Deur meer of minder motiewe te hekel, kan die lap so groot of so klein wees soos jy verkies

BENODIGDHEDE: 1 bol DMC Cebelia-hekelgaring (50-g-bolle) Fil d'Ecosse Nr. 30; hekelpen van 1 mm.

MATE: 56 cm oorlangs van punt tot punt.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; gs - glipsteek; st(e) - steek (steke); dsl - dubbelslagsteek; herh - herhaal.

1e MARGRIETJIE: Beginrondte: 6 ks, sluit met gs.

1e rondte: *1kb, 4ks, 2dsl saam deurgetrek, 4ks*, herh van * tot * 6 keer in ring, sluit met gs in eerste kb.

Knip garing af en werk netjies af.

Die lap op die foto bestaan uit ten minste 100 margrietjies, maar hekel soveel soos verkies.

2e MARGRIETJIE: Soos eerste, en hekel aan eerste margrietjie by een blomblaar vas soos volg: Hekel die laaste blomblaar presies soos die vorige, tot 2dsl saam


deurgetrek, verwyder hekelpen, steek dit in sluit-st van 2dsl-blomblaar van eerste margrietjie, tel gevalde steek van 2e margrietjie weer op, garing rondom hekelpen en trek deur ste op hekelpen.

Voltooi blomblaar van 2e margrietjie, hekel tot einde van rondte, knip garing af en werk af.

Al die volgende margrietjies word op dieselfde manier aan voorafgaandes vasgehekel, in rye van 10 elk. Hou aan om hulle aan 2 blomblare van 2 margrietjies van voorafgaande ry te verbind. Rangskik hulle in 10 rye van 10 margrietjies elk. Raadpleeg skets om te sien hoe die blommetjies gerangskik word. **Hekel 'n blomblaar so:** 1kb, 4ks, 2dsl-trossie, 4ks.



Verbind blomblare so: Verwyder hekelpen, steek dit in sluitsteek van 2dsl-trossie van vorige margrietjie, tel gevalde steek weer op, garing rondom hekelpen en trek deur steke op hekelpen.



Rangskik margrietjies so.

